# THE POLLEN SUBSTITUTE DIET THAT REALLY WORKS!

Visit our website at **www.feedbee.com**

***Feedbee is a pollen substitute diet that have been developed to meet the dietry requirements of honeybees.***

This feed for bees are used  by beekeepers in the USA and around the world, with **great success!**

Feedbee **significantly increases** the amount of bees, the capped brood in the hive and the amount of honey produced.

Now you can also have **strong**, **healthy bees** year round.

*Please contact us for more information*

LE ROUX apiaries

**RSA Distributor:**

t: 023 340 4169


c: 083 383 1468

e: cornieleroux@gmail.com

Deur LUCILLE BOTHA lbotha@landbou.com

# Voer sorg vir groter, GESONDE BYE

**'n Byevoer wat as plaasvervanger vir stuifmeel dien, word van Amerika af ingevoer. Dit is die eerste in sy soort in Suid-Afrika en gee swermgrootte en heuningproduksie 'n hupstoot.**



Mnr. Cornie le Roux by die drom waarin hulle die byevoer uitsit. Dit keer dat muise die voer opvreet, maar die bye kan maklik daarby kom.



LINKS: Die poeier kan met suikerwater aangemaak word tot 'n koekie. Dit word op koerantpapier in die korf gesit.

Tydens sy verblyf in Amerika het mnr. Cornie le Roux, 'n byeboer van Worcester, gesien dat boere daar hul bye voer. Vir hom was dit 'n nuutjie. Hy het nadere ondersoek ingestel en kort voor lank was hy die Suid-Afrikaanse agent vir Feedbee. Dit is voer wat bye se stuifmeelvoeding kan vervang.

Hy en sy pa, Tertius, het sowat twee jaar gelede hul eerste korwe gekoop (hulle het tans 300) en verhuur dit vir groente- en vrugtebestuiwing aan boere van so ver as die Koue-Bokkeveld en Laingsburg. Hulle verkoop ook heuning.

Met Le Roux se terugkeer na Suid-Afrika verlede jaar het hy sowat 1 ton van die byevoer ingevoer. Dit is intussen by die Departement van Landbou geregistreer (reg.nr. V21209, Wet 36 van 1947). Dit is die eerste keer dat voer wat spesifiek vir bye ontwikkel is, in Suid-Afrika beskikbaar is.

Die voer het verlede jaar, met die laat, koue en nat winter, nuttig te pas gekom. Teen einde Februarie was daar nie meer kos in die veld nie en die Le Rouxs het toe begin voer gee.

"As dit nie daarvoor was nie, sou ons swak bye in bestuiwingstyd gehad het. Wanneer daar nie kos is nie, raak jou bygetalle minder, want die koningin lê nie eiers nie. Die voer is dus goed daarmee om swerms in die swak tyd eerder sterker te maak," sê Le Roux.

Heuningproduksie kan danksy die groter swerms verdubbel.

Volgens Le Roux sr. sorg die verbeterde voedingstatus ook dat bye meer gehard teen siektes is.

"Ons kan beslis sê ons bye is gesond en mooi groot."

Nog 'n voordeel is dat die Le Roux's reeds in April, gewoonlik 'n droë tyd in die veld, hul swerms kon verdeel om die aantal korwe te vermeerder. Normaalweg word dit in Julie gedoen.

Die voer is in 'n poeiervorm wat uit groentebestanddele gemaak is. Dit het dieselfde voedingswaarde as stuifmeel en bevat geen chemiese middels of diere- en sojaprodukte nie.

Die poeier kan droog uitgesit of met suikerwater gemeng word. Die suikerwater-pasta kan op koerantpapier in die korf gesit word. Die bye kan dan selfs op reënerige dae, wanneer hulle gewoonlik nie buite werk nie, steeds vreet.

Die voer word net gegee wanneer die veld nie genoeg kos vir die bye het nie. Die Le Roux's het vanjaar ongeveer 500 gram van die suikermengsel per korf uitgesit.

Le Roux jr. sê dit kos R800 vir 'n 20 kg-sak (sonder BTW). Daarmee kan 'n boer bye in sowat 50 korwe 'n maand lank voer. "Die koste per korf is baie laag. Vir die drie maande van Februarie tot Mei het dit ons gemiddeld R20 per korf gekos, oftewel 20c tot 43c per dag." L